HOE LUISTER ONS NA DIE HERE? (4)
SONDAG 5 NOVEMBER 2006
Ds Freddie Schoeman

Hoe luister ons na die Here?

Rus, hoor, leef

Luister weer na die Woord van die Here

Hoekom weer 'n keer? Die bedoeling is dat daar 'n dialoog met die teks sal wees. Ons moet weer teruggaan sodat ons kan seker maak ons het reg gehoor. Wanneer ons vir 'n tweede keer na die teks luister is dit om te begin onderskei wat ons moet *doen*, wat ons reaksie op die teks behoort te wees.

Ons gaan nou kyk na 'n verhaal in die Ou Testament wat die doen / leef beweging illustreer.

2 Konings 22 Die verhaal handel oor koning Josia van Juda en speel af in jaar 640 vC.

> *Josia was ag jaar toe hy koning geword het, en hy het een en dertig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jedida, 'n dogter van Adaja uit Boskat.*
> *2 Josia het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het in alles die pad van sy voorvader Dawid geloop en daar nie links of regs van afgewyk nie.*

Hoekom was Josia net ag jaar oud? Sy pa, koning Amon, is vermoor nadat hy slegs twee jaar lank op die troon was.

Josia het "gedoen wat reg was in die oë van die Here". Dit is 'n baie betekenisvolle uitspraak. Josia se oupa, koning Manasse, was 55 jaar op die troon, en hy het gedoen wat "verkeerd was in die oë van die Here". In regeringstyd van Manasse het daar grootskaalse afvalligheid plaasgevind: die volk het die gode van ander nasies gedien op so 'n skaal dat dit naderhand nie meer moontlik was om die ware aanbidding van die Here van die aanbidding van afgode te onderskei nie.

Toe Josia koning word in die jaar 640 vC, was die volk, godsdienstig gesproke, op 'n absolute laagtepunt. Een van die eerste dinge wat Josia begin doen het toe hy oud genoeg was om die leisels van die regering oor te neem, was om te begin met grootskaalse godsdienstige hervorming; hy het met die tempel begin.

Dit was nodig gewees om die tempel te reinig omdat daar onder andere baie beelde van Assiriese gode in die tempel was. Manasse, Josia se oupa, was gedwing gewees om dit te doen omdat die

Assiriërs die wêreld heersers was. Manasse moes onderdanig wees of die gevolge dra. Maar toe Josia die troon bestyg, was die Assiriese mag aan die taan. Josia het dus heelwat meer vryheid gehad om hervormings in te voer.

> *3 In die agtiende jaar van sy regering het Josia die staatsekretaris Safan,*
> *seun van Asalja seun van Mesullam, na die huis van die Here toe gestuur*
> *met die opdrag: 4 "Gaan na die hoëpriester Gilkija toe en laat hy die geld*
> *gereed kry wat ingebring is vir die huis van die Here, dié wat deur die*
> *drumpelwagte by die volk ingesamel is. 5 Die geld moet oorhandig word*
> *aan die mense wat vir die werk aan die huis van die Here moet sorg. Hulle*
> *moet daarmee die werkers betaal wat die huis van die Here moet herstel:*
> *6 die vakmanne, die bouwerkers, die messelaars; hulle moet hout en*
> *gekapte klip koop om die tempel te herstel. 7 Daar hoef nie van hulle*
> *rekenskap gevra te word van die geld wat aan hulle oorhandig word nie,*
> *want hulle is betroubaar."*

Tot dusver: roetine. Maar nou gebeur daar iets skokkend. Toe Safan by die hoëpriester uitkom, hoor hy iets wat hy glad nie verwag het nie:

> *8 Die hoëpriester Gilkija sê toe vir die staatsekretaris Safan: "Ek het die*
> *wetboek in die huis van die Here gekry."*

In die proses om die tempel te herstel, is daar onder stof en die rommel 'n boekrol ontdek. By nader ondersoek het die geblyk niks minder nie as die wetboek van die Here te wees – 'n geskrif wat dus glad nie meer gelees is nie en geen rol in die volk se lewe gespeel het nie. Die boekrol wat ontdek was, was waarskynlik Deuteronomium 5-27.

Ons lees in vers 9-10 dat Safan die boek gelees het en dit toe met sy terugkoms by die koning dit aan Josia voorgelees het. Josia se reaksie spreek boekdele:

> *11 Toe die koning hoor wat die wetboek sê, het hy sy klere geskeur 12 en*
> *opdrag gegee aan die priester Gilkija, aan Agikam seun van Safan, aan Akbor*
> *seun van Miga, aan die staatsekretaris Safan en aan Asaja die hoofamptenaar*
> *van die koning: 13 "Gaan raadpleeg die Here namens my en namens die hele*
> *volk Juda. Raadpleeg Hom oor die inhoud van hierdie boek wat gekry is. Ons*
> *voorvaders was ongehoorsaam aan die eise van hierdie boek en het nie*
> *gehandel in ooreenstemming met alles wat daarin staan nie. Daarom is die*
> *toorn van die Here wat teen ons gaan ontvlam, groot."*

Josia besef die geweldige implikasies van die boek wat aan hom voorgehou is. Om seker te maak of hy reg verstaan en om raad te vra oor sy verdere optrede, stuur Josia nou sy vertrouelinge na 'n profeties Gulda, toe. (Sien jy hoe die luistersiklus hier werk?)

Ons kry Gulda se reaksie in vers 15-17:

> *15 en sy het geantwoord: "So sê die Here die God van Israel: Sê vir die man wat julle na my toe gestuur het: 16 So sê die Here: Ek bring onheil oor hierdie plek en oor sy inwoners, al die oordele in die boek wat die koning van Juda gelees het, 17 want hulle het My verlaat. Hulle het offers gebring vir ander gode en My uitgetart met allerhande maaksels van hulle eie hande. My toorn ontvlam teen hierdie plek, die vlam sal nie geblus word nie.*

Sy bevestig dus dat Josia reg gehoor het. Maar dan het sy ook iets te sê oor Josia self.

> *18–19 Maar sê vir die koning van Juda wat vir julle gestuur het om die Here te raadpleeg: So sê die Here die God van Israel: Ek het daarop ag geslaan dat jy in jou hart geraak is deur die woorde wat jy gehoor het en dat jy jou klere geskeur en gehuil het voor My, en dat jy berou getoon het voor My, die Here, toe jy hoor wat Ek sê oor hierdie plek en sy inwoners, naamlik dat verwoesting en straf oor hulle kom, sê die Here. 20 Daarom sal Ek jou in vrede laat sterwe en in jou graf laat ingaan; jy sal niks van al die onheil wat Ek oor hierdie plek bring, self beleef nie."*

Dit is insiggewend om te let op hoe Gulda Josia se reaksie beskryf. Hy was in sy hart geraak – daarom het hy gehuil en sy klere geskeur.

Dit is wat gebeur wanneer ons regtig na die Here *luister*; wanneer ons met 'n leerbare gesindheid ag slaan op die Woord van die Here.

Wanneer die Woord van die Here met ons begin werk dan moet daar iets in ons harte gebeur! Die Woord van die Here moet indring in die donkerste kamers van ons lewens en ons van binne uit nuut en skoon maak. Ons moet nie ons harte verhard wanneer ons die Bybel oopmaak om te luister nie.

Volgens die Bybel is ons hart die beheersentrum van ons lewe. As iets in ons hart gebeur, dan beïnvloed dit ons totale bestaan. Ons sal nooit weer dieselfde wees nie.

En wanneer ons in ons hart geraak word, dan moet dit ons inspireer en dring tot aksie. Kom ons kyk wat doen Josia:

> ***23*** *Die afvaardiging het so aan die koning gerapporteer, en hy het al die leiers van Juda en Jerusalem by hom laat bymekaarkom. 2 Daarna is die koning na die huis van die Here toe met al die mense van Juda by hom en ook die inwoners van Jerusalem, die priesters en die Leviete, al die mense, groot en klein. Daar het hy alles aan hulle voorgelees wat in die boek van die verbond gestaan het wat in die huis van die Here gekry is. 3 Toe het die koning op sy plek gaan staan en 'n verbond met die Here gesluit en beloof om die Here te volg en sy gebooie, verordeninge en voorskrifte met sy hele hart en siel te gehoorsaam en om die bepalings van die verbond soos dit in hierdie boek vasgelê is, na te kom. Die hele volk het die verbond aanvaar.*

In die derde beweging van die luistersiklus moet ons fokus op wat God doen en wat Hy wil hê ons moet doen. Om werklik te luister beteken om oor te gaan tot aksie. Luister is nooit 'n passiewe niks-doen ding nie.

Josia neem spesifieke stappe. Hy sit nie stil nie. Hy betrek die leierskap van die volk. En hy bring die hele leierskap na die tempel toe. Hy maak seker dat hulle hoor wat in die wetboek staan. En dan sluit hy ‘n verbond met die Here – en die hele volk aanvaar die verbond.

Hoe reageer ons? Luister ons op so 'n manier dat dit ons lewens raak? Luister ons op so 'n manier dat ons nie anders kan as om tot aksie oor te gaan nie?

Luister na die Here – wat wil Hy vir ons sê? Oor ons eie lewe? Oor ons gesinne? Oor die gemeente waarvan ons deel is? Oor die gemeenskap waarin ons bly? Oor die land waarvan ons burgers is? Oor die wêreld / planneet waarop ons almal geplaas is?

Kom ons help mekaar om te luister deur deel te word van ‘n luistergroep – moeilik om alleen te luister.

Kom deel dit.

Kom ons maak dit deel van ons lewens deur die loop van die nuwe jaar wat kom. DV gaan die Woordwyser in volgende jaar se prediking gevolg word. Dit sal baie help as ons almal deurgaans na dieselfde tekste sal luister en dit wat ons hoor met mekaar sal deel. (Soos Gilkija met Safan en Safan met Josia en Josia met die leiers en die leiers met die volk.)

Waar kom Jeremia in die prentjie? Jeremia begin sy profete loopbaan in hierdie tyd. In Jeremia 1 lees ons dat Jeremia in die *dertiende regeringsjaar* van Josia tot profeet geroep is (d.w.s. 627vC).

Eerste ses hoofstukke van Jeremia handel oor Jeremia se optrede tydens die hervormings van koning Josia. Jeremia en Josia is omtrent ewe oud en is mekaar se bondgenote.

Ons sal later sien dat Jeremia dit egter nie maklik gehad het onder Josia se opvolgers nie. Maar daaroor meer ‘n ander keer!